**Die Lam en die 144 000 op Sionsberg**

**Openbaring 14:1-5**

**13 September 2020**

1. Wie is die 144 000? Wat karakteriseer hulle?
    a. Is by die Lam – d.w.s. hulle is in die hemel (vers 1, vgl Op 5:6)
    b. Is op Sionsberg (vers 1)
        i. Jesus op Sion gesalf as Koning (Ps 2:6). Vervul met Jesus se opstanding en hemelvaart (Hand 13:32-33)
        ii. Oorblyfsel uit Jerusalem en Sion ((2 Kon 19:29-31, Jes 4:3-4, Joël 2:28-32). Vervul met uitstorting van Heilige Gees (Hand 2:17-21)
        iii. As gelowiges sterf, eindig hulle siele in hemel (Op 5:9) – dus in Sion.
        iv. Gelowiges is ook die Nuwe Jerusalem (Op 21:2)
    c. Het die Naam van die Vader en die Lam op hulle voorkoppe (vers 1)
        i. Die wat die oorwinning behaal (Op 3:12)
        ii. Die 144 000 is gemerk met die seël van die lewende God (Op 7:2-4)
        iii. Nuwe Jerusalem se inwoners het God se Naam op hulle voorkoppe (Op 22:4), het 12 poorte (stamme van Israel) en 12 fondamente (apostels) (Op 21:12)
    d. Sing 'n nuwe lied (vers 2-3)
        i. Voor die troon, 4 lewende wesens, 24 ouderlinge (dus in hemel)
        ii. Siterspelers (vgl Op 5:8-9)
        iii. Nuwe lied is lied oor redding (Ps 40:3-4, 96:1-2, 144:9-10, vgl Op 5:9-10, 7:9-10)
        iv. Net die 144 000 kan die nuwe lied van verlossing sing
    e. Losgekoop onder die mense as eerstelinge (vers 4)
        i. Vgl Rom 16:5, Rom 8:23
        ii. Jesus is eersteling uit die dood (1 Kor 15:20) – eerste in rang
        iii. Israel was eerstelinge van die oes (Jer 2:2-3)
        iv. 144 000 is eerstelinge vanuit die mensdom wat aan God gewys is (vgl Jak 1:18)
    f. Het hulle nie met vrouens besoedel nie, kuis gebly (vers 4)
        i. Paulus wil Korintiërs as vleklose bruid na bruidegom lei (2 Kor 11:2-4)
        ii. 144 000 is Christus se bruid (Op 21:2)
    g. Volg die Lam waar Hy ook gaan (vers 4, vgl Rom 12:1)
    h. Geen leuen in hulle monde nie (vers 5, vgl Jes 53:9b)
    i. Is onberispelik (vers 5, vgl 1 Tes 5:23)
2. Implikasies vir ons
    a. Dissipelskap = besoedel nie met draak se praktyke nie + volg die Lam waar Hy ook al gaan
    b. Lam is reeds in Sion, 144 000 het die seël as waarborg dat hulle ook daar sal kom. Is hierdie toekomsverwagting vir ons so aangrypend dat ons alles sal prysgee daarvoor?
    c. Hoe opgewonde is ons om daardie nuwe lied oor ons verlossing te gaan sing saam met die res van die 144 000?